

23.5 RAPPORT 5: DEPUTATE PUBLIKASIES – CJBF – KERKORDEBOEKIE (Art 120)

- A. Dr GJ Meijer lewer die Rapport.
- B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Opdrag

- 1.1 Die te benoeme Deputate ontvang opdrag om die Kerkordeboekie grondig te hersien en op 'n geskikte wyse uit te gee.
- 1.2 Die te benoeme Deputate ontvang opdrag om die hersiene Kerkordeboekie in Engels te vertaal. Ondersoek moet ook gedoen word na die wenslikheid en moontlikheid van vertalings in die ander Afrikatale (Acta 2012:434-435).

Besluit: Punte 1.1 en 1.2 kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 *Hersiening van Kerkordeboekie*

Die volgende regstellings en wysigings is in die Kerkordeboekie aangebring:

- 2.1.1 Alle vermelding in die Afrikaanse teks van "Partikuliere Sinode" is vervang met "Streeksinode".
 - 2.1.2 Alle vermelding van 'n "Nasionale Sinode" is geskrap. Waar nodig is "Nasionale Sinode" vervang met "Algemene Sinode".
 - 2.1.3 Artikel 5: die laaste sin (Engels) is ingevoeg.
 - 2.1.4 Artikel 25: Slegs die nuwe redaksie word voortaan gepubliseer. In 1997 is hierdie redaksie aanvaar en die wysiging is deurgegee aan Sinodes Middellande en Soutpansberg. Hierdie woorde word geskrap in die lig van die feit dat daar nou net 'n Algemene Sinode is.
 - 2.1.5 Artikel 29: die verwysing na "Nasionale Sinode" val weg.
 - 2.1.6 Artikel 31: die nuwe redaksie van die artikel is ingevoeg.
 - 2.1.7 Artikel 41: In die Kerkordeboekie van 1998 is daar 'n opmerking dat die Deputate nie kon vasstel waarom die bewoording [en dit mag nie meer as 3 maande uitgestel word nie] in sommige Psalmboeke uitgelaat is nie. Daar is egter vasgestel dat in die Acta 1964:71 en 73, daar wel besluit is om dit weg te laat met die motivering dat dit kan lyk soos oorreglementering.
 - 2.1.8 Artikel 51: Die bewoording is uitgelaat aangesien hierdie artikel in sy huidige bewoording nie meer relevant is nie. Die nuwe redaksie van die artikel is ingevoeg.
 - 2.1.9 Artikel 52: Die hakies word in die Afrikaanse teks weggelaat omdat dit geen funksioneel geen verandering aan die betekenis maak nie.
 - 2.1.10 Artikel 57: In die Afrikaanse teks is die woord "aanvra" vervang met die woord "aanbied" – vergelyk Acta 2003:465-467.
 - 2.1.11 Artikel 61: In 1997 is besluit om die woorde [van dieselfde kerkverband] te skrap en die wysiging deur te gee aan Sinodes Middellande en Soutpansberg. Hierdie woorde word geskrap in die lig van die feit dat daar nou net 'n Algemene Sinode is.
 - 2.1.12 Artikel 69: Die nuwe redaksie van die artikel is ingevoeg.
 - 2.1.13 Artikels 76, 77: In 1997 is besluit om die woorde [nagmaal] te skrap en die wysiging deur te gee aan Sinodes Middellande en Soutpansberg. Hierdie woorde word geskrap in die lig van die feit dat daar nou net 'n Algemene Sinode is.
- ##### 2.2 *Nuwe Kerkordeboekie*
- 2.2.1 Die Kerkordeboekie is opgedateer met die nuutste Formuliere en Reglemente. 'n Woordverklaring is as Bylae ingevoeg.

- 2.2.2 'n Gedrukte kopie is voorberei en kan by die Administratiewe Buro aangeskaf word.
- 2.2.3 Die volledige elektronies weergawe van die Kerkordeboekie is ook op die CJBF-webblad beskikbaar.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.2.3 met dank kennis geneem.

3. Sake waarop die Sinode besluit

- 3.1 Die Sinode benoem weer Deputate om uitvoering te gee aan die opdragte in proses van behandeling is, waaronder:
 - 3.1.1 die vertaalwerk van die Bylaes tot die Kerkorde in Engels
 - 3.1.2 die vertaling van die Kerkorde in ander Afrikatale
 - 3.1.3 publikasie van veranderinge in die Kerkorde.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.1.3 goedgekeur.